ramings asook pensioen- en mediese fonds bydraes? Indien besparings bewerkstellig kan word, sal die emeriti ook beter versorg kan word.

6. Aangeheg is Bylae A met meer inligting as motivering. Die Bylae toon duidelik dat daar wel besparings vir beide predikante en kerkrade bewerkstellig kan word, maar dat daar ‘n in diepte ondersoek deur 'n kundige en onafhanklike konsultant gedoen sal moet word.

Aanbeveling: Sinode gee nie gevolg aan die Beskrywingspunt nie.
Besluit: Goedgekeur.

16.21 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES OOR KLASSIKALE RAMINGS VIR MEDIESE VERSEKERING VAN EMERITI (Artt.8, 65, 219)

A. Ds. P Venter stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Emeritaatsversorging.
C. Ds. C Hattingh rapporteer namens die Kommissie : Emeritaatsversorging.

D. BESKRYWINGSPUNT

Dat alle kerke in elke Klassis by wyse van klassikale ramings die emeriti (ook weens mediese redes), emeritusweduwees en predikante weduwees help om op die hoogste vlak medies te verseker.

Motivering

1. Aandag aan die mediese versorging van emeriti (ook weens mediese redes), emeritusweduwees en predikante weduwees is ‘n dringende saak. Mediese en algemene lewenskoste het die afgelope jare dramaties gestyg en verdere stygings word verwag. Hoër ouderdom gaan, in die algemeen gesproke, gepaard met hoër mediese uitgawes.
2. Die kerkregtelike korrekte, asook die beste haalbare wyse van addisionele mediese versorging is dat die plaaslike kerkrade verantwoordelikheid aanvaar en dat die Klassis dit bestuur.

Die afskrifte van die volledige Rapport en Addisionele Rapport wat voor die Klassis gedien het, is beskikbaar.

Aanbeveling

1. Sinode besluit om aan Beskrywingspunt gevolg te gee.
2. Deputate kry opdrag om Klassisse hierin van die nodige inligting en kundigheid te voorsien.

Besluit: Goedgekeur.